**OORWINTERING VAN SKAPE IN DIE SOMER REËNVALGEBIEDE VAN SUID-AFRIKA**

Besproeide Weidings

saamgestel deur

Dr Louis du Pisani

## 1 INLEIDING

Besproeide weidings bly een van die beste opsies vir die oorwintering van kleinvee. Dit is duur en daarom is dit belangrik om die water, kunsmis, toerusting en voer optimaal te gebruik.

## 2 KEUSE VAN WEIDINGS

### 2.1 Eenjarig of meerjarig?

Meerjarig is goedkoper. Eenjarig is makliker om by ʼn spesifieke behoefte in die voervloei in te pas. Meerjarig gebruik baie water, veral in die warm somer maande. Die keuse sal hoofsaaklik afhang van die spesifieke voervloei-behoefte en die beskikbaarheid van water.

### 2.2 Mengsel of monokultuur?

Mengsels wat peulplante en grasse insluit is altyd beter as enkel stande.

### 2.3 Watter kultivars?

Net soos dit belangrik is om goeie ramme te gebruik, is dit belangrik om net die beste kultivars aan te plant. Wees versigtig vir goedkoop kultivars of geen-naam kultivars. Die keuse van ʼn kultivar is amper meer belangrik as die keuse van ʼn gewas. Saad maatskappye verkoop net die saad van kultivars waarop hulle die telers-regte het. Daarom sal hulle net hul eie kultivars promoveer, al is daar beter kultivars op die mark. Kry die insette van onverbonde kundiges voordat daar ʼn keuse gemaak word.

Dit is ook belangrik om die spesifieke groei-eienskappe van ʼn kultivar in ag te neem. Byvoorbeeld, ʼn mens kry twee tipes koelseisoen eenjarige grasse (soos raaigras) en weigrane (soos koring, hawer, rog, korog, ensomeer). Daar is die wat vroeg saad maak (net na die winter) en die wat eers heelwat later saad maak (eers in die voor-somer). Die wat vroeg saad maak, produseer net soveel voer as die wat later saad maak, maar oor ʼn korter periode (gewoonlik in die middel van die winter). Sodra die plant saad gemaak het, is sy produksie tyd verby. As ʼn mens die voer in die lente en voor-somer benodig, sal dit nie sin maak om ʼn kultivar te plant wat daardie tyd reeds saad gemaak het nie.

Dit is verder belangrik om die spesifieke kwaliteits-eienskappe van ʼn kultivar in ag te neem. Dit is veral die droëmateriaal-inhoud wat belangrik is. Kultivars met ʼn hoë droëmateriaal-inhoud gee beter dierepresta sie as die met ʼn hoë water-inhoud. ʼn Mens sien dit veral by die groei van suiplammers. Ooie wat nie genoeg droëmateriaal inneem nie, se melk is waterig, met ʼn lae bottervet-inhoud. Hulle lammers groei swak. Ooie met ʼn goeie droëmateriaal inname, se lammers suip melk met ʼn hoë bottervet-inhoud en groei net soveel beter.

## 3 WEIDINGSBESTUUR

In Tabel 1 verskyn 'n lys van bestuursriglyne vir 'n aantal aangeplante weidings. Hierdie riglyne is gebaseer op die behoefte van beide die gewas en die weiende dier asook faktore soos die gevaar van blousuurvergiftiging en opblaas.

TABEL 1 Beweiding riglyne

| GEWAS | HOOGTE MET AANVANG VAN BEWEIDING (mm) | HOOGTE NA AFLOOP VAN BEWEIDING (mm) | MAKSIMUM WEIPERIODE (dae) | RUSPERIODE (dae) |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| Meerjarige Raaigras | 200 | 50 | 7 | 21 – 35 |
| Swenkgras | 200 | 50 | 7 | 21 – 35 |
| Meerjarige Gras / klawer | 200 | 50 | 7 | 28 |
| Kleingrane | 200 | 50 | 7 | 21 - 35 |
| Eenjarige Raaigras | 200 | 50 | 7 | 21 - 28 |
| Eenjarige Gras/klawer | 200 | 50 | 7 | 21 - 28 |
| Rooiklawer | 200 | 50 | 7 | 28 |
| Ondergrondse klawer | 200 | 50 | 7 | 28 |
| Wieke | 200 | 50 | 7 | 28 - 35 |

Twee belangrike faktore wat altyd by die beweiding van aangeplante weidings in gedagte gehou moet word, is beperkte beweiding en die sogenaamde afroom van weidings. Beide hierdie kan 'n baie groot invloed op winsgewendheid hê. Droë plekke waar die diere kan rus, is ook belangrik.

### 3.1 Beperkte beweiding

Die diere kry net vir 'n gedeelte van die dag toegang tot die weiding. Omdat aangeplante weidings onder besproeiing 'n hoë kwaliteit het, kan die weiende dier sy behoefte aan voedingstowwe binne 2 tot 6 uur op die weiding inneem. Alhoewel die dier binne hierdie periode voldoende voedingstowwe inneem, word sy behoefte aan droëmateriaal nie bevredig nie en sal die dier aanhou wei om hierdie behoefte te bevredig. Hierdie materiaal wat ekstra ingeneem word, word ondoeltreffend vir produksie aangewend en meeste daarvan beweeg relatief onbenut na buite via mis en urine. Dus, in plaas van die diere vir 24 uur op die weiding te los, kan dit na 2 tot 6 uur verwyder word en goedkoop hooi soos mieliestrooi, grondbonehooi ensomeer *ad*

*lib* in ʼn luierkampie ontvang. Op dié wyse kan meer diere op die gegewe oppervlakte weiding aangehou word. ʼn Addisionele voordeel hiervan is dat die weiding minder vertrap word, terwyl oesreste winsgewend by die stelsel ingeskakel kan word.

**In gevalle waar weidings en diere met ʼn hoë opblaasgevaar gebruik word, moet beperkte beweiding met omsigtigheid hanteer word. Die rede hiervoor is dat dit soms kan gebeur dat die diere nie genoegsaam hooi inneem nie en dus honger op die weiding geplaas word.**

3.2 Afroom van weidings

Die beskikbaarheid en kwaliteit van weidings neem af soos wat die beweidingsperiode toeneem. Onder die afroom van weidings word verstaan dat alle hoë produserende diere eerste toegang tot die weiding moet verkry sodat hulle kans gegun word om die hoogste kwaliteit materiaal te selekteer. Op die wyse word verseker dat die diere met die grootste produksiepotensiaal die beste voer ontvang. Die swakker kwaliteit weiding wat agterbly nadat ʼn gedeelte afgeroom is, kan deur diere met ʼn laer voedingsbehoefte opgevolg word. Byvoorbeeld, room ʼn kamp af met tweeling ooie en volg dit op met die eenling ooie.

3.3 Droë plekke waar diere kan rus of luierkampies

Dit is ʼn goeie praktyk om ʼn droë area binne elke kamp te hê waar die diere kan rus nadat hulle gewei het. Fyn gruis werk goed om so ʼn area te skep. Dit het verskeie voordele. Die dier kan hier rus as hulle klaar gevreet het, wat vertrapping van goeie weiding beperk. Die diere is nie die hele tyd op die nat weiding waar hulle met parasiete besmet word nie. Hulle kry baie minder vrotpootjie en die lammers bly droog en gelukkig. Hierdie area kan gebruik word om byvoeding, aanvullende voeding en kruipvoeding te verskaf.

## 4 AANVULLENDE VOEDING EN LEKKE

Dit is onontbeerlik dat diere wat op besproeide weidings loop droë voer (hooi) ad lib ontvang. Dit hoef nie hoëgraadse hooi soos eerste graad lusern te wees nie. Tweedegraadse lusern en oes-reste werk goed. Lusern is veral goed op grasweidings, aangesien dit die bottervet-inhoud in die ooie se melk verhoog wat die lammers beter laat groei. Die hooi moet verkieslik gemaal gegee word om vermorsing te beperk. As hulle die hooi swak vreet (soos byvoorbeeld mielie-reste), kan dit met melassestroop aangeklam word voordat dit in die hamermeul gemaal word.

Grasweidings bevat nie genoeg proteïen vir lakterende ooie en groeiende lammers nie. Daarom is dit nodig om proteien-lekke aan hierdie twee groepe diere te verskaf (veral lekke met baie deurvloeiproteien).

Tekorte aan veral mikro-elemente kom soms op aangeplante weidings onder besproeiing voor, veral minerale soos sink, mangaan, molibdeen en selenium. Die gebruik van inspuitbare

of orale produkte wat hierdie elemente bevat sal die probleem oplos. Vrotpootjie is dikwels ʼn simptoom van byvoorbeeld ʼn sink-tekort.

## 5. DIEREGESONDHEID

5.1 Inwendige parasiete

Rondewurms (veral haarwurm) en koksidiose is ʼn baie groot probleem op aangeplante weidings. Dit is veral die lammers wat die meeste geraak word. Dit bring groot verliese in diereprestasie en wins mee.

Die volgende stappe is baie belangrik:

i Bring die diere minstens een keer per week kraal toe en inspekteer hulle baie goed.

ii Verhoed dat daar weerstand teen doseermiddels by u opbou. U sal dit net regkry as u gereeld mismonsters neem en laat ontleed (minstens elke ses weke en soms meer gereeld), as u slegs volgens die mismonsteruitslag doseer (moenie ʼn doseerprogram volg nie), die diere gereeld met behulp van die FAMACHA-tegniek evalueer en net daardie diere doseer wat deur haarwurm aangetas word, en wissel tussen wurmmiddels met verskillende aktiewe bestanddele.

iii Tree dadelik teen enige vorm van maagwerk op (veral by lammers). Dit is gewoonlik as gevolg van te min droë hooi en/of koksidiose en/of inwendige parasiete en/of te veel mielies in die lek.

5.2 Ander siektes

Akute siektes soos bloednier kan soms groot verliese meebring. Ander siektes wat aandag moet geniet is blou uier en klem-in-die-kaak.